

Huigelagtigheid van die fariseërs oor die sabbat

175

Ons gaan nou vinnig na benede en Kisjonah haas My al tegemoet om My en al die leerlinge uit te nooi vir die ontbyt en tegelyk verontskuldig hy homself dat die tafels vandag heelwat spaarsamer voorsien is as andersins, want die voorrade was op en hy het hulle nie laat aanvul nie, omdat hy wis dat Ek vandag - op die sabbat - weer bergaf sou gaan. As die ontbyt daardeur iets minder sou wees as andersins, dan is dit nie omdat hy dit so gewil het nie, maar omdat hy geheel en al buite sy skuld nie by magte was om iets daaraan te verander nie.

[2] **Ek** stel hom gerus en sê: “Wees maar gerus en maak geen bekommernis daaroor nie! So is dit heel goed en juis en alles gaan ooreenkomstig My wil; - origens moet Ek jou as My liewe broer en vriend daarop wys dat jy jou gedurende hierdie paar dae tog heeltemal te veel ingespan het.

[3] Ten opsigte van die ongenooide gaste, die groot groep fariseërs, sou jy beslis nie gesondig het as jy vir hulle geen tafel gedek het nie; want hulle het baie goud en silwer en as hulle hier wou wees, dan kon hulle hulleself ook versorg het! Maar dit was natuurlik ook geen sonde van jou dat jy hulle kosteloos versorg het nie. As jy hulle egter `n rekening wil gee, sal Ek dit nie afkeur nie. Die oue Tobias neem Ek egter op My rekening”

[4] **Kisjonah** sê: “Ek sal dit ook doen; daar is genoeg armes, - die rekening sal hulle ten goede wees! Maar wees nou so goed, o Meester, om die karige maal met U leerlinge te gebruik; die fariseërs slaap nog in die groot slaaphut en ek wil graag sonder hulle eet!”

[5] **Ek** sê: “Dit is nie goed nie! Wek hulle en nooi hulle uit vir die maaltyd! Ek sal vandag met al Myne vas tot die middag; benede sal ons dan later `n regte maaltyd gebruik.”

[6] Kisjonah doen dadelik wat Ek vir hom sê, hoewel dit hom moeilik geval. Die fariseërs en diegene wat by hulle is, hoor en kom gou vanaf hulle slaapplekke en haas hulle na die ontbyt, wat hulle ondanks die sabbat heel haastig gebruik; want hulle is bang vir die son, wat weliswaar al lankal opgekom het, maar nog nie die hut bereik het nie, omdat dit op die westekant by `n hoë rotswand gebou is, wat heel gou die hut sou bereik en dan mag hulle eers weer eet na sonsondergang, of in die tempel te Jerusalem tydens die breek van die toonbrode.

[7] **Kisjonah** vestig My aandag daarop en sê: “Dit is eintlik `n lagwekkende gedoente, by hulle begin die sabbat op die oomblik as die sonnestraal die punt bereik waar hulle hulleself bevind! Soos U nou al `n paar maal gesien het, o Meester, skyn die son eers teen die middag oor hierdie hut, en hierdie lippedienaars sou dus eers halfpad die dag in die sabbat begin vier. Sulke kêrels sal jy kwalik êrens anders op die goeie aarde vind!”

[8] **Ek** sê: “Laat dit maar daar; binnekort sal daar verskeie geleenthede hulself voordoen, en wel voor ons heeltemal onder is, waarop ons hulle hulle sabbat onder die neuse kan vryf. Maar dit beteken nog niks as jy nie weet hoe slim hulle hulle sabbat ontduik as hulle dit wil en die sabbat in hulle sinagoge hulle geen ryk oes beloop nie: - dan maak hulle vensters en deure dig toe, sodat die son haar lig nie

kan laat skyn in die vertrekke van sulke lippedienaars nie, en op die plek en op daardie oomblik is daar dan geen sabbat in die huis nie! So geld ook `n dag sonder son nie as `n volle sabbat nie, tensy hulle in hulle sinagoge hulle sewe-armige kandelaar aansteek nie, maar so iets doen hulle natuurlik slegs as daar `n ryk offer te skep is! Daarom het hulle dan ook altyd `n bewolkte sabbat liever as `n dag soos vandag, waarop die son helder skyn.

[9] Maar soos wat Ek sê, vandag kom daar nog wel `n geleentheid waarby ons dit onder hul aandag kan bring. Maar nou gaan ons op ons weg, want dit sal vandag baie warm word en dit is nie aangenaam om in die groot hitte te reis nie.”

[10] Nou breek ons ook dadelik op en daal met `n vinnige pas die berg af na die dal en die fariseërs hyg agter ons aan en vererg hulle oor ons haastige tempo. **Een** roep ons selfs na en sê: “Waarom loop julle tog so onsinnig vinnig? Het julle iets daarbo gesteel?”

[11] Die jong **Matthéüs**, die apostel, laat nie op hom wag nie en antwoord: “Ons loop met ons eie voete, net soos julle met julle s`n, en ons gaan daarom so goed en so vinnig soos wat ons self wil, waarvoor ons tog hopelik geen rekenskap aan julle hoef af te lê nie; ook het ons vooraf met julle geen bindende afspraak gemaak oor hoe gou ons voor julle sal uitgaan nie! Hou dus julle mond en gaan julle eie weg soos wat julle kan en wil! Ons maak ons nie besorg oor julle nie; waarom maak julle julle dan besorg oor ons?”

[12] Dan sê `n **fariseër** wat al baie kwaad daardeur geword het: “Wat loop jy tog en klets, onnosel tollenaar; weet jy dan nie dat dit vandag sabbat is nie en waarop niemand behoort te twis nie?”

[13] Daarop antwoord **Matthéüs**: “Geld die sabbat dan slegs maar vir my en nie vir julle nie? Wie begin die rusie te maak? Daar staan tog nêrens geskryf dat jy nie op die sabbat vinnig mag loop nie; daarteenoor verlang julle selfs dat `n mens nie te veel moet drentel op die sabbat op weg na die sinagoge nie, en dus oortree ons selfs nie eers julle wet as ons vandag op die sabbat heelwat vinniger gaan as op `n ander dag nie. Onder in die dorp staan `n klein sinagoge waar ons, as ons gou genoeg stap, beslis nog betyds sal aankom; wat verlang jy dan nog meer van ons?”

[14] **Die fariseërs** sê: “Ja, jy hoor tog nie by hulle dat hulle na die sinagoge en die skool haas nie! Dit is lagwekkend as `n tollenaar maar net oor `n sinagoge praat! Ons wil jou nie ken nie. Jy is meer `n heiden as `n gebore Griek en wil jy dan beweer dat jy jou na die sinagoge haas, duistere boosdoener?”

[15] **Matthéüs** sê: “Dit word nou tyd dat jy jou tong betueel, anders sal ons onself die uitsonderlike vryheid veroorloof om met knuppels op julle rûe die sabbat te breek! Kyk, julle ewige leegleërs, watter reg wil julle julleself aanmatig oor ons! Nog één beledigende woord en ek vergeet die sabbat en my menslikheid en pak julle aan asof julle bere is!” Na die dreigement sê die fariseërs weliswaar niks meer nie, maar innerlik kook hulle.

Are pluk op die sabbat. Die fariseërs wil JaHshua stenig

176

Maar na `n rukkie, al taamlik digby die dal, kom ons by `n land wat byna vol ryp koring voor ons lê. Die pad loop deur hierdie land en ons neem die pad, omdat dit nader aan die dorp uitkom. Ons loop dus deur die ryp koring en dit was natuurlik nog sabbat. Maar die leerlinge het honger gehad, omdat hulle net soos Ek geen ontbyt gehad het nie en hulle begin daarom die ryp are af te pluk, die korrels in hulle hand uit te vryf en dit te eet. (*Matthéüs. 12:1*)

[2] Toe die alreeds woedende **fariseërs** dit sien, loop hulle gou na My toe en sê met `n sedige gesig: "Sien U nie dat U leerlinge op die sabbat dinge doen wat nie betaamlik is nie?" (*Matthéüs. 12:2*)

[3] **Ek** sê aan hulle: "Het julle dan nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy metgeselle honger gehad het nie? (*Matthéüs. 12:3*) Dat hy die Huis van Elohim binnegegaan het en die toonbrode wat hy tog ook nie mag geëet het nie, asook diegene wat by hom was, maar slegs die priesters? (*Matthéüs. 12:4*) Of het julle nooit in die wet gelees hoe die priesters op die sabbat in die tempel die sabbat skend en tog nie skuldig is nie? (*Matthéüs. 12:5*)

[4] **Bowendien het julle My dade gesien en My leer gehoor**, en dikwels is daar aan julle gesê wie Ek is! As dit nog nie vir julle genoeg is nie, dan sê Ek vir julle nou nog één keer openlik **dat in My die Een is wat groter is as die tempel!** (*Matthéüs. 12:6*)

[5] As julle egter sou weet wat dit beteken: 'Ek vind welgevalle aan barmhartigheid en nie aan offers nie!', dan sou julle hierdie onskuldiges nie nou in julle harte vervloek het nie! (*Matthéüs. 12:7*) Weet dan, blinde en dowe fariseërs: die Seun van die Mens, wat Ek is, is ook Meester van die sabbat!" (*Matthéüs. 12:8*) Die fariseërs skrik so groot vir hierdie woorde dat hulle dadelik agteruit gaan en die leerlinge nie meer daarvan weerhou om are te pluk nie.

[6] Maar **Kisjonah**, wat steeds langs My loop en aan wie die land behoort het, sê aan My: "Meester, ek sal nou vooruitloop en dadelik `n uitgebreide maaltyd laat regsit, want ek het medelye met die brawe leerlinge vanweë hulle kennelike honger!"

[7] **Ek** sê: "Dit sal goed wees. Maar Ek sal nou tog eers met die leerlinge `n skool besoek ter wille van hierdie fariseërs, **sodat hulle ergernis net nog groter word**. Matthéüs lê hulle alreeds swaar op die maag, omdat hy `n rukkie gelede hulle daarop gewys het dat ons vanweë die sinagoge so vinnig loop. As ons nou die skool in die dorp verbyloop,

dan loop die maat by hulle oor en sal hulle begin om `n herrie op te skop; maar as ons nou eers `n skool binnegaan, dan kan hulle niks meer sê nie en dan kan jy ook sonder skaamte jou rekening aan hulle voorlê, dit wil sê as die sabbat afgeloop is." Na hierdie woorde gaan Kisjonah regstreeks met sy mense na die huis waar hy alles totaal versorg aantref.

[8] Ons neem egter `n pad `n bietjie meer na links van die skool, wat op die hoogste punt van die dorp gelê het. Daar aangekom, betree ons dadelik die baie sporadiese besoekte skool (*Matthéüs. 12:9*) en die fariseërs volg ons te voet. Hulle was innerlik baie kwaad, omdat hulle op die land vanweë hulle domheid deur die leerlinge uitgelag was, toe Ek hulle protes oor die arepluk van die hand gewys het.

[9] Toe ons die skool binnekom, doen die fariseërs dadelik hulleself weer heel sedig voor en bring `n man na My wat al lank `n **verdorde hand** gehad het en daardeur byna geen werk kon doen nie. Hulle vra My, omdat Ek vroeër gesê het dat Ek ook Meester van die sabbat is, of dit toegestaan sou word om ook op die sabbat te genees. Dit vra hulle My egter slegs om bewyse teen My in die hande te kry (*Matthéüs. 12:10*); want hulle bese hart brand al van toorn en boosheid.

[10] Maar **Ek** sê aan hulle: "Waarom vra julle dit vir My, asof julle hierdie sieke sou kon help en sy hand wat sedert `n lang tyd dood was, lewend kon maak? As Ek hom egter wil genees, dan sal Ek julle tog nie om toestemming vra nie!

[11] Wie van julle is so dwaas, dat wanneer sy skaap in `n kuil val, hy dit nie op die sabbat sal uithaal nie? (*Matthéüs. 12:11*) **Maar `n mens is tog veel waardevoller as `n skaap!** Sodoende sal `n mens op `n sabbat `n mens tog wel mag help? (*Matthéüs. 12:12*)

[12] Toe swyg die fariseërs; maar **Ek** roep die man na My en sê aan hom: "**Strek jou hand uit!**" En hy strek sy hand uit en dit word net so gesond soos die ander een wat nooit siek was nie. (*Matthéüs. 12:13*)

[13] Nou was die maat vol vir die fariseërs; hulle verlaat die skool en **beraadslaag buite hoe hulle My sou kon doodmaak**. (*Matthéüs. 12:14*)

[14] Maar Matthéüs, wat `n listige spioen was, stap na hulle en luister hulle ongemerk af, kom vinnig en byna uitasem terug en vertel hardop wat hy gehoor het. Toe stuur Ek gou `n leerling na Kisjonah en laat hom weet dat Ek vandag uit voorsorg nie by hom sou kom eet nie, omdat Ek van die fariseërs wat My nou om die lewe wou bring, **nie nog groter misdadigers wou maak as wat hulle alreeds was nie**, daarom sou Ek `n tydjie uit hierdie streek